**Sondag 11 Junie**
**Skrifgedeelte Genesis 37:1-11(AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 37:2**
**Stories aandra (1)**

Die familiegeskiedenis van Jakob wat in Genesis 37 volg, vertel van die een na die ander smart: haat, onmin, onregverdige voortrekkery en leuens. Voordat Josef in Egipte beland het en opgang in die regering van die koning gemaak het, was hy nie baie geliefd onder sy broers nie. Hy dra slegte stories oor hulle aan, hy word deur Jakob voorgetrek en toe hy boonop in ’n droom aan hulle vertel dat hy hulle koning is en dat hulle voor hom moet buig, kry hulle ’n nog groter afkeer van hom (Gen. 37:2-8). Toe Jakob hom later na sy broers stuur, kry hulle ’n gulde geleentheid om hom dood te maak.

Ten spyte van al die menslike tekortkominge het God toe reeds geweet dat Hy Josef later sou stuur om sy volk te red. Ruben word gebruik om die broers te oortuig om hom nie dood te maak nie, maar eerder in ’n put te gooi sodat hy hom later kon red en na sy pa terugstuur. Juda kry ’n verdere plan om Josef aan die Ismaelitiese handelaars te verkoop. Ten spyte van al die menslike planne van sy broers, bly God in beheer. Niks kan Hom keer nie.

Genesis 37 leer ons ook van die hartseer wanneer die harmonie van ’n bestendige gesinslewe versteur en ontwrig word. Ouers word opgeroep om regverdig op te tree. Kinders moet leer om mededeelsaam en nie selfsugtig te leef nie. Die gebrek aan onderlinge liefde dryf Josef se broers om hom te haat en lei tot die wrede besluit om hulle broer te vermoor. Daarna volg die een leuen na die ander. Die kwaad seëvier amper. Die onmin lei tot onherstelbare verbrokkeling. Josef se broers bly afgunstig en Jakob bly aan die drome dink.

Later bewerk God weer verkwikking en harmonie. Deur Christus se kruisdood word ons verhouding met die Vader weer herstel.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*